higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKE REG N6

(13030136)

**10 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

037Q1B2010

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE REG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.11) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 'n Definisieklousule is 'n lys met terme waarin sekere woorde of frases gedefinieer word wat in 'n wet gebruik word.

1.2 Vroeëre en latere wette is een van die interne hulpmiddels by die uitleg van wette,

1.3 'n Subjektiewe reg skep 'n verhouding tussen 'n regsubjek en 'n regsobjek.

1.4 Een van die omstandighede van staatsaanspreeklikheid verklaar dat die beampte as 'n beampte van die betrokke departement moes opgetree het.

1.5 As 'n persoon nie tevrede is met 'n beslissing van 'n hof van 'n hoofman nie, kan daardie persoon nie die aangeleentheid na 'n gewone hof verwys nie.

1.6 'n Streeklanddros is die voorsittende beampte van 'n ho ë hof.

1.7 Soewereiniteit is te vinde in die bevoegdheid om te regeer en om wette vir daardie staat te maak.

1.8 PAJA (Promotion of Administrative Justice Act) vereis dat administrateurs mense moet inlig oor hulle regte op hersiening of appèl en om redes vir uitsprake te versoek.

1.9 Die president of premier van 'n provinsie het die gesag om 'n proklamasie uit te reik.

1.10 'n Privaatregtelike verhouding kom tot stand wanneer staatsliggame 'n kontrak/ooreenkoms sluit en hulle dus in 'n regsverhouding betrokke is.

1.11 In 'n interne beheerverhouding verskil twee regeringsorgane binne dieselfde magsbasis van mekaar en opponeer mekaar.

(11 × 1) **[11]**

**VRAAG 2**

Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Hoor appèlle van straf- en siviele sake aan | A | arbeidshof |
| 2.2 | Kan appèlle van straf -en siviele sake van die laer howe in hul jurisdiksie aanhoor | B | hof vir klein eise |
| | | C | onderhoudshof |
| 2.3 | Die funksie van hierdie hof is om die oorspronklike grond aan die regmatige eienaar terug te gee | D | hoë hof |
| | | E | distrikshof |
| 2.4 | Hierdie hof kan 'n werkgewer of werknemer of vakbond beveel om onbillike arbeidspraktyke te staak | F | hoogste hof van appèl |
| | | G | howe vir seksuele oortredings |
| 2.5 | In hierdie tipe hof word 'n persoon toegelaat om 'n kleiner siviele eis tot die bedrag van R15 000 in te stel | H | hof vir grondeise |
| 2.6 | Hulle word op so 'n manier ontwerp dat die nodige privaatheid aan kinders en slagoffers verleen word | I | watertribunaal |
| | | J | hof vir stamhoofde |
| 2.7 | As ouers versuim om hul kinders te onderhou, kan 'n klag by hierdie hof ingedien word | | |
| 2.8 | Dit funksioneer as 'n landdroshof, maar hanteer minder ernstige misdade soos minder ernstige dobbeloortredings | | |
| 2.9 | Hierdie howe hanteer gewoonteregkwessies kragtens gewoontereg | | |
| 2.10 | Onafhanklike liggaam wat in alle provinsies jurisdiksie het | | |

(10 × 2) **[20]**

## VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Mandaat is die tipe delegasie waar die persoon of orgaan met hoër gesag die besluit neem en die persoon of orgaan met laer gesag opdrag gee om namens eersgenoemde op te tree. (2)

3.2 Die hof of tribunaal het die reg om administratiewe optrede geregtelik te hersien indien die optrede prosedureel ... was. (2)

3.3 'n Kollektiewe arbeidsooreenkoms of kollektiewe bedingingsooreenkoms is 'n ooreenkoms tussen (a) ... en (b) ... wat die bepalings en voorwaardes van werknemers in hul werkplek reël. (4)

3.4 Statutêre appèl is 'n appèl van 'n laer hof na 'n ... hof. (2)

3.5 Volgens die fundamentele reël van uitleg moet woorde volgens hul ... betekenis uitgelê word. (2)

3.6 Privaatreg reël die verhouding tussen twee reg-... . (2)

3.7 Buitelandse reg staan ook bekend as (a) ... reg of die reg van (b) ... . (4)

3.8 Intellektuele eiendom is (a) ... of geestelike skeppings van die (b) ... verstand. (4)

3.9 Die goue reël van uitleg bepaal dat die interpreteerder die (a) ... van die wetgewer moet vasstel, en die letterlike reël van uitleg beteken dat die interpreteerder die (b) ... van die wetgewer moet volg. (4)

**[26]**

**TOTAAL AFDELING A: 57**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 4

4.1 Definieer die volgende terme:

4.1.1 Privaatregverhouding

4.1.2 Geregtelike hersiening

4.1.3 Siviele aanspreeklikheid

4.1.4 Proklamasies

4.1.5 Verbintenisreg

4.1.6 Prestasie

(6 × 2) (12)

4.2 Die legaliteitsbeginsel verklaar dat administrateur die reg moet gehoorsaam en deur die reg gemagtig moet word vir die besluite wat hy of sy neem.

Verduidelik die *legaliteitsbeginsel?* (3 × 2) (6)

4.3 Verduidelik hoe sake die konstitusionele hof bereik. (4 × 2) (8)

4.4 Wie is die huidige Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste? (2 × 1) (2)

4.5 Wat is die funksies van die hoogste hof van appèl? (6 × 2) (12)

**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks aanhef/voorwoord/inleiding as een van die interne hulpmiddels van uitleg met betrekking tot die uitleg van wette. (4 × 2) (8)

5.2 Basie swart gemeenskappe in Suid-Afrika leef volgens die inheemse reg, wat ook ongeskrewe gewoontereg is.

Noem VIER kenmerke van inheemse reg (4 × 2) (8)

5.3 Skryf 'n kort aantekening oor objektiewe sin ('objective sense') (OS). (6 × 2) (12)

5.4 Noem die verskillende tipe administratiewe verrigtinge. (5 × 2) (10)

5.5 Onderskei tussen *interne beheerverhouding* en *onafhanklike beheer-verhouding.* (4 × 2) (8)

5.6 As die regsprekende gesag bevind dat 'n beslissing wederregtelik, onredelik of prosedureel onbillik is, kan dit bevele uitreik om die situasie reg te stel.

Noem VIER bevele wat dit kan uitreik. (4 × 2) (8)

**[54]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6

6.1 Hoe stel mens vas of 'n liggaam 'n staatsorgaan of 'n regeringsliggaam is? (8 × 2) (16)

6.2 Noem die komponente van wetgewing wat tot administratiefreg bydra. (4 × 1) (4)

6.3 Noem SES funksies van die meester van die hoë hof. (6 × 2) (12)

6.4 Voor sake in die konstitusionele hof aangehoor kan word, moet 'n kworum van minstens agt regters teenwoordig wees.

Verduidelik hoe die konstitusionele hof funksioneer of hofsake beslis. (7 × 2) (14)

6.5 Noem die kenmerke van die reg. (3 × 1) (3)

**[49]**

**TOTAAL AFDELING B: 143**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou